

16 September 1 Korintiërs 15 (15:58); HK Sondag 42

Jou werk is nie tevergeefs nie

Elke mens is op hierdie aarde besig om te werk. En vir baie jare werk die mens en uiteindelik loop ons almal dieselfde paadjie... ouderdom en dood maak 'n einde aan alles. Daarom vra 'n mens jouself baie keer: Wat is die sin van jou werk? Werk ons omdat die agste gebod diefstal verbied? Wat sê God oor ons werk?

In Korintiërs 15 skryf die apostel Paulus oor die dood en die opstanding uit die dood. Sommige mense in Korinte het, amper soos die Sadduseërs in Jesus se tyd, gemeen die dood beëindig alles; daar is geen opstanding uit die dood nie. En dan skryf Paulus vir hulle: Nee! Die dood is oorwin. Sy angel is weg. Dood is maar net die deur na God se ewige hemelwoning. Vir die mens lyk dit asof die dood alles beëindig... en asof al jou werk op aarde dus sinloos en tevergeefs is. Maar nie in God se oë nie. Immers - só sluit Paulus hoofstuk 15 af - "julle werk in diens van die Here is nie tevergeefs nie" (vers 58).

En dan gebruik hy 'n Griekse woordjie wat beteken: Jou alledaagse werk ... dit is "werk vir die Here". En as u en ek werk asof vir die Here, getrou werk, soos die belydenis sê, kan geen werk op aarde dus tevergeefs wees nie.

Natuurlik nie. Want wat die kind van God op aarde doen - maak nie saak waar die Here u gebruik nie - is en bly Koninkrykswerk. Die sweet van die boer op sy land; die hande van die ambagsman; die gereedskap wat kap en beitel; die hande van die verpleegster; die werk van die huisvrou; die mens agter sy lessenaar; die buig oor studieboeke; die staan voor in die klaskamer.

Alles ... is werk vir die Here! Dit is die positiewe eis van die agste gebod. Dit het sin en waarde en ewigheidsbetekenis.

God gun u u arbeid.

Sing: Psalm 128:1

Ds. N.W. Ligthelm (Pretoria-Alkantrant)